HOE OM NA GOD TE LUISTER (6)
19 NOVEMBER 2006
Ds Freddie Schoeman

Dis April van die jaar 587. Die Babiloniërs onder Nebukadneser staan op die punt om die mure van Jerusalem te breek en die stad in te neem. Dis byna die einde van die pad vir die klein Palestynse staat Juda. Sy staan op die punt nie net haar onafhanklikheid te verloor nie, maar ook haar lewe.

En toe doen die profeet Jeremia 'n baie snaakse ding. Maar om te verstaan juis hoe snaaks hierdie ding was, moet ons so 'n bietjie terug gaan in die geskiedenis.

640	Josia word koning oor Juda - net 8 agt jaar; neem eers later die leisels van die regering op
627	Jeremia word tot profeet geroep; Josia en Jeremia ewe oud; beide bloedjonk toe hulle hulle onderskeie ampte begin beoefen het. Josia voer godsdienstige hervormings in; Jeremia ondersteun hom.
622	Wetboek onder bourommel van tempel ontdek. Nuwe momentum aan hervorming gegee.
622-612	Hervorming gaan volstoom voort
612	Nineve val voor die Babiloniërs; magsbalans versteur. Josia moet keuse maak tussen Egipte en Babilon. Kies teen Egipte
609	Josia sterf in die veldslag teen Egipte by Megiddo
609	Jojakim word as vasal van Neko koning oor Juda; Jojakim en Jeremia stamp koppe
605	Nebukadnesar verslaan Egipte by Karkemis; verdryf hulle uit Palestina, bedreig Juda.
Des 604	Groot vasdag (Jeremia 36:9) Baruk lees Jeremia se woorde voor Staatsamptenare neem dit na die koning Koning gooi dit in die vuur; skeur nie sy klere nie
603/2	Jojakim gedwing om hom te onderwerp aan Nebukadnesar Rebelleer
Des 598	Nebukadnesar trek teen Juda op Jojakim sterf; Jojagin volg op
16 Maart 597	Stad Jerusalem gee oor Jojagin en top amptenare weggevoer

	Sedekia (oom / broer) aangestel as koning
597-587	Konstante opstand en rebellie; Jeremia waarsku aanhoudend
594	Komplot. Jeremia kom daar aan met 'n juk. Gananja breek die juk. (Jeremia 27 en 28)
Januarie 588	Nebukadnesar beleër Jerusalem Begin buitevestings die een na die nader inneem Lakis en Aseka het die langste uitgehou (potskerf - vuurseine nie meer sigbaar nie.)
Julie 588	Sprankie hoop
April ? 587	Jeremia koop grond in Anatot, by Ganamel (sy neef) (Jeremia 32)
Julie 587	Jerusalem ingeneem Sedekia probeer vlug; ingehaal
Aug 587	Nebusaradan, hoof van die lyfwag, lê Jerusalem in puin

Jeremia 36:9 e.v.

9 In die negende maand van die vyfde jaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, is 'n vasdag in die teenwoordigheid van die Here vir die hele volk in Jerusalem aangekondig. Die hele volk het uit die stede van Juda in Jerusalem gekom. *10 Baruk het toe die boek met die woorde van Jeremia begin lees in die huis van die Here, in die sykamer van Gemarja seun van die staatsekretaris Safan. Die hele volk kon dit hoor. Die sykamer was in die boonste voorhof by die ingang van die nuwe poort van die huis van die Here.*
11 Toe Miga seun van Gemarja, seun van Safan, al die woorde van die Here hoor uit die boek, 12 het Miga na die staatsekretaris se kantoor in die paleis toe gegaan. Al die amptenare, Elisama die staatsekretaris, Delaja seun van Semaja, Elnatan seun van Akbor, Gemarja seun van Safan, Sedekia seun van Gananja en al die ander amptenare het daar gesit. 13 Miga het vir hulle alles vertel wat hy Baruk vir die volk uit die boek hoor lees het.
14 Toe stuur al die amptenare vir Jehudi seun van Netanja, seun van Selemja, seun van Kusi na Baruk toe om vir hom te sê: "Vat die boekrol waaruit jy vir die volk gelees het en kom hier." Baruk seun van Nerija het toe die boekrol gevat en na hulle toe gegaan. 15 Hulle het vir hom gesê: "Sit, en lees dit vir ons."
Baruk het dit toe vir hulle gelees. 16 Toe hulle alles hoor, het hulle bang geword en vir Baruk gesê: "Ons moet dit alles vir die koning gaan vertel." 17 Hulle het vir Baruk gevra: "Sê vir ons, hoe het jy dit alles geskryf? Het Jeremia dit gedikteer?"
18 Baruk het hulle geantwoord: "Alles is vir my gedikteer en ek het dit met ink op die boekrol geskryf."
19 Die amptenare het vir Baruk gesê: "Gaan kruip weg, jy en Jeremia, en niemand moet weet waar julle is nie."
20 Die amptenare het die boekrol in die kantoor van die staatsekretaris Elisama gebêre en toe is hulle na die koning toe in die voorhof. Hulle het hom alles vertel. 21 Toe stuur die koning vir Jehudi om die boekrol te gaan haal. Hy het dit uit die kantoor van die staatsekretaris Elisama gaan haal en vir die

> *koning gelees in die teenwoordigheid van al die amptenare wat by die koning aan diens was. [22] Dit was winter en die koning het in die sonkamer gesit met 'n bak gloeiende kole voor hom. [23] Elke keer wanneer Jehudi drie of vier kolomme klaar gelees het, het die koning dit met 'n skrywersmes afgesny en op die vuur in die kolebak gegooi. Hy het so gemaak tot die hele boekrol in die vuur was.*
> *[24] Die koning en al sy amptenare wat hierdie dinge gehoor het, het nie bang geword en hulle klere geskeur nie. [25] Selfs toe Elnatan en Delaja en Gemarja by die koning daarop aangedring het om nie die boekrol te verbrand nie, het hy nie na hulle geluister nie. [26] Toe beveel hy sy seun Jeragmeël en vir Seraja seun van Asriël en vir Selemja seun van Abdeël om die skrywer Baruk en die profeet Jeremia te arresteer. Maar die Here het hulle weggesteek.*

Josia, destyds, het gehoor en geluister; Jojakim hoor, maar hy luister nie.

Jeremia doen 'n snaakse ding: hy koop grond.

> *Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word.'*

Dis altyd te vroeg vir moedverloor.

- Al is die omstandighede hoe wanhopig - daar's nog altyd hoop
- Al gebeur die grootste tragedie - daar's nog altyd nuwe lewensmoontlikhede
- Al is die toestand hoe haglik - dis nooit die einde nie
- Al lyk dit asof dit die einde is - daar's altyd 'n nuwe begin moontlik

Ook in hierdie tyd het Jeremia 'n ander boodskap van die Here ontvang:

> *[31] Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [32] Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. [33] Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.*

Die Here wil vanoggend 'n nuwe verbond met elkeen van ons sluit. Hy wil vanoggend weer nuut met ons begin. Hy wil sy woord op ons harte kom skryf en dit in ons gedagtes kom vaslê. Hy wil ons van binne uit nuutmaak. Hy wil graag hê dat ons as nuwe mense vanoggend by daardie deur uitstap.